DEEL 114 | WEEK 20 | 20 MEI 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# INBREKER TEISTER VROU IN SLAAPKAMER

Die inbrake in Heilbron word by die dag aansienlik 'n groter probleem, maar Vrydag 13 Mei om en by vier uur die oggend, het die ondenkbare gebeur. Desiré Faber, 'n enkelma van twee klein kinders, was by haar huis en het geslaap toe ǹ onbekende man haar wakker maak deur haar aan haar arm te ruk. Hy het haar drie maal gevra vir geld, waarop sy elke keer geantwoord het dat sy nie het nie. Op die derde keer het sy vir hom gesê dat hy haar televisie moet vat, waarop hy geantwoord het dat hy nie die televisie soek nie. Sy vertel voorts dat hy haar gevra het of sy 'n vuurwapen het waarop sy ook nee geantwoord het. Hy het die kombers bo-oor haar kop getrek het en gesê dat sy moet slaap, anders maak hy haar dood. Haar kinders was saam met haar in die kamer. Faber sê dat sy gedoen het wat die inbreker gevra het en gehoor het hoe hy in die soek na goed om te steel. Na sy hom vir 'n ruk nie meer gehoor het nie, het sy seker gemaak dat dit veilig is om te ry en sy en die kinders is inderhaas na haar ouers toe.

Heilbron Beheer, asook die polisie is in kennis gestel, waarop albei se reaksie baie vinnig was en hulle baie behulpsaam was. Die onbekende persoon het glad nie iets gedra om sy gesig te bedek nie en is met drie selfone, 'n skootrekenaar, die televisie en 'n DVD masjien weg.

Daardie selfde nag was by Wiam Rautenbach se huis ingebreek en sy bakkiesleutels is gesteel. Mnr. Rautenbach vertel dat die man oor die muur gespring het en deur die lapavenster ingekom het. Die alarm wat afgegaan het, het die inbreker laat skrik en hy is met die bakkiesleutels weer oor die muur soos wat hy ingekom het, weg. Hy moes na die inbraak al die slotte van die bakkie en ook die afstandbeheer vervang het wat hom duur te staan gekom het.

Die derde poging tot diefstal dieselfde aand was by Jack Leonard se huis. Die inbreker het oor die hek langs die huis gespring, maar hom vasgeloop in Jackie se hond wat begin blaf het en hy het op die vlug geslaan. Die polisie volg alle leidrade op, maar vra dat publiek met enige inligting Kaptein Mothola moet kontak by 082 529 1908.

# VEEDIEWE GEVANG NA ROWWE MAAND

Saterdag is 'n verdagte bakkie met sleepwa op die Vegkoppad geïdentifiseer. Die beheerkamer het die inligting aan die SAPD veediefstaleenheid deurgegee. Die voertuig is deurentyd gemonitor en kon daar vasgestel word dat die bakkie met sleepwa beeste opgelaai het in die Petrus Steyn area. Die bakkie is agtervolg om te bepaal waar die gesteelde vee afgelaai gaan word. Daar is twee persone op 'n kleinhoewe in die Springs omgewing gearresteer. 'n Saak is daar geopen vir besit van ses gesteelde beeste. Die vee is op die plaas Demilander van mnr. Cado Meiring gesteel en het hy hulle die Sondag gaan uitken as sy eiendom. Die saak word verder ondersoek.

Veeboere het erg onder veediefstal deurgeloop in Meimaand. Gelukkig deur die flink werk van die beheer en polisie was daar wel arrestasies gemaak. Party boere was heel gelukkig om hul vee terug te kry terwyl ander nie so gelukkig was nie. Op 1 Mei is 35 Beeste by Juan van Rooyen gesteel waarvan 24 teruggekry is. Dieselfde dag is 8 Beeste by Marius de Bruin gesteel waarvan hy geen beeste terug gekry het nie. Piet Potgieter loop ook deur en word daar op die 7de Mei 9 beeste gesteel waarvan daar geen teruggekry is nie. Ook op die aand van die 7de steel hulle by Herman Nel 10 beeste en kon net 1 teruggevind word.

Die polisie het ook twee verdagtes vasgetrek nadat hulle op die plaas Langverwacht met gesteelde vee betrap is. Die arrestasie kom nadat die eienaar van die skape die polisie in kennis gestel het van die inbraak op sy plaas. Slegs 11 van die 32 gesteelde skape kon teruggevind word.

Daar word 'n beroep gedoen op veeboere om verdagte voertuie dadelik aan te meld by die beheerkamer en alle pogings tot diefstal ook. Tel jou diere gereeld en sorg dat vee gebrandmerk is.








# STOMACH ULCER - THE PAINFUL FACTS

• **Heilbron Clinic**

**What Is a Stomach Ulcer?**

Stomach ulcers are painful sores that can be found in the stomach lining or small intestine. Stomach ulcers are the most visible sign of peptic ulcer disease. They occur when the thick layer of mucus that protects your stomach from digestive juices is reduced, thus enabling the digestive acids to eat away at the lining tissues of the stomach. Stomach ulcers are easily cured, but they can become severe without proper treatment.

**What Causes Stomach Ulcers?**

Stomach ulcers aren't necessarily caused by one single factor. The decrease in the stomach's mucus lining that leads to an ulcer is usually caused by one of the following:

- an infection with the bacterium Helicobacter pylori (H. pylori)
- long-term use of nonsteroidal anti-inflammatory drugs (NSAIDs), such as aspirin and ibuprofen
- excess acid (hyperacidity) in the stomach, which may be related to genetics, lifestyle (stress, smoking), and certain foods
- Zollinger-Ellison syndrome, a rare disease that makes the body produce excess stomach acid.

Certain factors and behaviors can put you at higher risk for developing stomach ulcers:

- smoking
- frequent use of steroids (such as those for treating asthma)
- hypercalcemia (overproduction of calcium)
- family history of stomach ulcers
- being over 50 years old
- excessive consumption of alcohol

**Symptoms of Stomach Ulcers**

A number of symptoms are associated with stomach ulcers. The severity of the symptoms depends on the severity of the ulcer.

The most common symptom is a burning sensation or pain in the area between your chest and belly button. Normally, the pain will be more intense when your stomach is empty and it can last for a few minutes or several hours.

**Other common symptoms include:**

- dull pain in the stomach
- weight loss
- not wanting to eat because of pain
- nausea or vomiting
- bloating
- burping or acid reflux
- heartburn (burning sensation in the chest)
- pain improves when you eat, drink, or take antacids

Talk to your doctor if you experience symptoms of a stomach ulcer. Even though discomfort may be mild, ulcers can worsen if they aren't treated.

**Treating Stomach Ulcers**

Treatment will vary depending on the cause of your ulcer. Most ulcers can be treated with a prescription from your doctor, but in rare cases, surgery may be required.

It's important to promptly treat an ulcer. Talk to your doctor to discuss a treatment plan. If you have an actively bleeding ulcer, you'll likely be hospitalized for intensive treatment with IV ulcer medications, and you may also require blood transfusion.

**Nonsurgical Treatment**

If your stomach ulcer is the result of H. pylori, you'll need antibiotics. For mild to moderate stomach ulcers, your doctor will usually prescribe the following medications:

- H2 blockers: to prevent your stomach from making too much acid
- proton pump inhibitors: blocks the cells that produce acid
- over-the-counter antacids: to help neutralize stomach acid
- cytoprotective agents: to protect the lining of the stomach and small intestine, such as Pepto-Bismol.

Symptoms of an ulcer may subside quickly with treatment. Even if your symptoms disappear, you should continue to take medicine prescribed by your doctor. This is especially important for H. pylori infections to ensure that all bacteria are destroyed. Doctors will also suggest that you avoid smoking, alcohol, and any medications or foods that can trigger symptoms.

Seek treatment as soon as you believe that you might have a stomach ulcer. The longer an ulcer remains untreated, the more likely you are to develop complications. You should seek medical treatment if you experience any of the following symptoms:

- sudden, sharp pain that doesn't stop
- black or bloody stools
- bloody vomits
- vomit that looks like coffee grounds

These could be signs that the ulcer has eroded through the stomach, or broken a blood vessel. Scar tissue development is another possible complication. The tissue can prevent food from moving from the stomach into the small intestine. All of these scenarios require intensive therapy, usually in a hospital setting.

**Prevention of Stomach Ulcers**

To prevent the spread of bacteria and reduce risk of bacterial infection, wash your hands with soap and water on a regular basis. Make sure all food is properly cleaned and cooked thoroughly.

To prevent ulcers caused by NSAIDs, stop using these medications (if possible) or limit their use. If you need to take NSAIDs, be sure to follow the recommended dosage and avoid alcohol while taking these medications.

Certain lifestyle changes can also help prevent ulcers from forming. Limiting alcohol consumption, avoiding tobacco products, and properly managing stress can all contribute to a healthy stomach lining.





WINKELURE

**MAANDAE - DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00

Herald

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

Office National


# *Uit die pen:*



## WEEK 20 VAN 2022

Gelukkig word ek en my kollega betyds wakker, net voordat ons op Charles de Gaulle land. Ons kry die aansluitingsvlug hier. Ons beweeg in 'n bondel, want niemand wil hier gestrand wees nie.

By die doeane skree die alarms toe kollega deurstap. Die beampte laat haar haar skoene uittrek en die belt van haar broek afhaal. Sy stap deur sonder 'n probleem. Die res van die groep sien wat sy doen, en hulle trek ook sommer hulle skoene en kouse uit en gooi dit in die mandjie.

In die ry op pad na die volgende vlug toe, is daar 'n groep toeriste voor ons en 'n groep agter ons. Hulle is luidrugtig en stamp en stoot. Ons kan ongelukkig nie vinniger beweeg as wat ons tans doen nie, en hulle word effens vies.

"You are making a mess!" sê die een aan my kollega. Waarop sy reageer: "You are a mess."

Probleem opgelos. Ons stap in vrede aan boord.

John sit so skuins voor ons. Kiertsregop. Ek het gesien dat sy tassie maar dun en lig was toe ons in Johannesburg ingeboek het. Die Onderwysdepartement het vir ons elkeen 'n skrilblou sweetpak en twee T-hemde gegee, as deel van Die Projek. John het syne aan, en ek sien dat sy paar skoene verslete is. Ek kry hom opreg jammer.

John is 'n onderwyser by een van die skole wat hierdie projek saam met ons gedoen het. Hy en sy skoolhoof en drie kinders is ook op die vlug. Hierdie was sy eerste kennismaking met Johannesburg, eerste lughawe wat hy besoek het en eerste vlug ooit. Ek hou hom dop: hy roer nie tydens die vlug nie. Haal ook nie 'n boek uit om te lees nie. Hy sit net voor hom en staar. Ek vermoed hy was maar skrikkerig vir die ystervoël.

Ons stop uiteindelik op 'n reënerige Heathrow lughawe. My eerste kennismaking met die buiteland. Dis 'n grou dag. Die nuuslesers oral in Engeland vertel van die groot tsunami wat 'n eilandgroep getref het. In die bus wat ons na ons hotel neem, vra die nuusleser dat die hele Engeland nou 'n minuut se stilte sal handhaaf vir die mense wat deur die tsunami geraak is.

Dit raak stil in die bus, almal diep bewus van die tragedie.

Ons stop voor 'n hotel wat effens ghrênd lyk. Ons tasse word na ons kamers geneem. Dankie tog dat die onderwysers nie 'n kamer hoef te deel nie.

Ons weet dat Europa nie so baie beesvleis eet in vergelyking met die Suid-Afrikaners nie. Dis seker daarom dat sommige van die groeplede net biefstuk wil eet. Ek is baie gemaklik met ander kos as biefstuk. Ek eet met elke ete Noorweegse Salm, want in SA is dit onbekostigbaar.

Met ontbyt pak ek en kollega ons kaas in ons sakke, vir ingeval ons honger word. Die sjokolade croissants is om oor te swymel.

Vir die eerste drie dae gaan ons na 'n sogenaamde "e-School". Volgens die besoekrooster is hierdie skool al vir jare besig om met rekenaars te werk. Alle take word daarop gedoen, elke leerder werk met 'n "palmtop" en die onderwyser met 'n digitale witbord. Ons staan in vervoering.

Die klasse is ook baie klein, so 16 kinders per klas, hulle lyk netjies aangetrek, stap in rye met minimum lawaai.

Later sou ons uitvind dat die skole gesluit was tydens ons besoek, en dat die groep leerders wat ons asems weggeslaan het, die groepie voorbeeldiges was. En nee, hulle het in daardie jaar nog nie met rekenaars gewerk nie. Hierdie was 'n promosiesessie wat ons bygewoon het. Gelukkig het ons dit eers teen die einde van ons besoek aan Engeland uitgevind.

Ons gaan na 'n hele paar museums en gallerye. Daar betaal jy niks om in te gaan nie. Voor in die gebou is daar 'n muntbussie waar jy 'n donasie kan maak, sou jy wou. Al die museumstukke is nog intakt, en dit word goed opgepas. Niemand het die muntbussie saam gevat huis toe nie. Dit was vir my verbysterend.

Een middag gaan ons Harrods toe. Nie omdat ons geld het om uiters duur items daar te gaan koop nie, maar omdat ons Prinses Diana en Dodi se gedenkteken wil sien. Ons stap deur die winkel: vloere en vloere vol klere, komberse, juwele, geskenke, huisware en nog vele meer. Met pryse wat my na my asem laat snak.

Ek koop vir my 'n klein teddiebeer wat later jare my ou pa se gelukbringer sou wees wanneer hy hospitaal toe sou gaan. Die teddiebeer is saam met my ou pa begrawe.

Vanaf Harrods gaan ons Fortnum & Mason toe. Kollega vertel my dat hulle die koningshuis voorsien van eetgoed in die vorm van koekies en ander lekkernye. Ek knyp 'n geldjie af waarmee ek vir my 'n blikkie Earl Grey tee en twee koekies koop. Ek draai laasgenoemde versigtig in 'n stuk sneesdoek toe.

Ons stap op die smal sypaadjies en later deur 'n pragtige park. Toe ons by die park se hoofhek kom, doem Koningin Victoria en manlief Albert voor ons op. Majestueus in graniet en marmer. Ons kyk verwonderd.

Ons stap verder. Toe ons om 'n draai gaan, sien ons Buckingham-paleis voor ons. Mense begin saamdrom. Ek vra sommer die persoon langs my waarvoor hulle wag.

"The changing of the guards," sê hy. Die polisie is ook daar en daar word heinings uitgesit sodat mense uit die strate moet bly. En almal gehoorsaam. Dit was verstommend.

Dit was nie honderd jaar nie, of die perde kom in gelid aan. Tesame met die orkes, wat my baie herinner aan die skole se destydse kadetorkes. Maar hierdie keer speel hulle heerlike kontemporêre musiek. Wanneer hulle by die paleis se hoofhek ingaan, speel hulle Dancing Queen van ABBA, en almal dans saam. Die orkeslede inkluis.

Dis ongelooflik met watter presisie die verandering van die wagte plaasvind. Dis duidelik dat hulle nie hierdie maneuver vir die eerste keer doen nie.

Ek gaan net gou my ABBA langspeelplaat soek, vertel weer later verder.

# NGWATHE KRY 'N VUURWERKE BYWET

Die munisipale raad van Ngwathe het op 'n vergadering Dinsdag 'n Bywet aanvaar wat na promulgasie daarvan die besit, verkoop en afvuur van vuurwerke in die munisipale gebied sal reguleer en beheer.

Die stap is geneem op inisiatief van VF Plus raadslid Phillip van der Merwe, prokureur van Heilbron wie 'n ou beleidstuk, wat geen strafmaatreëls bevat het nie, verwerk het en omskep het in 'n konsep Bywet wat na promulgasie daarvan die gebruik van vuurwerke sal beheer.

Volgens raadslid van der Merwe kla lede van die gemeenskap, veral organisasies wat dierebelange beskerm, reeds lank oor die gebrek aan beheer oor klappers en ander vuurwerke. Dit is algemeen bekend dat die skiet van klappers nie alleen traumatiese effekte op veral honde het nie, maar ook deur vele inwoners as uiters steurend ervaar word.

Die Bywet maak voorsiening daarvoor dat enige persoon of instansie wat vuurwerke wil afvuur of verkoop binne die munisipale gebied dit slegs sal kan doen indien op aansoek, teen betaling van 'n aansoekfooi van R1 000,00 plus BTW en nadat 'n permit wat dit magtig deur die munisipaliteit uitgereik is.

'n Boete van tot R10 000,00 of gevangenisstraf van tot 12 maande sal deur 'n Hof opgelê kan word by skuldigbevinding van 'n oortreding van die Bywet wanneer dit van krag word.

Die Bywet word nou onderwerp aan die openbare deelname proses wat toepaslik is voordat enige munisipale Bywet gepromulgeer word en lede van die publiek mag insette of kommentaar daarop lewer. Dit kan per epos gestuur word aan jordaan@ngwathe.co.za of per hand by enige munisipale kantoor ingehandig word.




POSTNET HEILBRON

Besigheidsure:
Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00

Elsstraat 42
HEILBRON
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

## OPGENEEM IN GRIFFON-SPAN



*Op die foto bo Riaan van der Merwe en Bernard van Eeden van JA Malherbe Primêre Skool in Petrus Steyn. Mnr Driaan Scheepers is hulle afrigter.*

ESTHÈ MULLER INC
ATTORNEYS | PROKUREURS | BABUELLI

Contact us for professional, reliable and effective service in the following fields:
Kontak ons vir professionele, betroubare en effektiewe diens met betrekking tot die volgende:

- Contracts / Kontrakte
- Transfer of Property / Oordrag van Eiendomme
- Registration of Companies / Registrasie van Maatskappye
- Wills, Estates and Trusts / Testamente, Boedels en Trusts
- Divorces / Egskeidings
- Collections / Invorderings
- Correspondent work / Korresondente werk
- Civil Litigation / Siviele Litigasie

Contact us on: 083 267 9559 / 058 852 2041
E-Mail: pieter@esthemuller.co.za / esthe@esthemuller.co.za
Address: 47 Els Street, Heilbron

## HEILBRON FYNPROEWERS KERRIE-AAND

Op Vrydag, 13 Mei was dit weer tyd vir Heilbron Fynproewers. Hierdie keer was die tema 'n Kerrie-aand.

Nadat die Voorsitter, mnr. Jeff Roos almal welkom geheet het, het hy die voordele om kerrie te eet uitgewys. Kerrie is anti-inflammatories, verbeter hartgesondheid, beveg sekere kankerselle, verlaag bloedsuiker en verhoog breingesondheid. Dis antibakteries en 'n antioksidant. Dit verbeter ook spysvertering. Nou as mens al die voordele in ag neem, was dit dan hierdie rondte die geval van hoe meer jy eet, hoe gesonder gaan jy wees! Op die tafel was beeskerrie, skaapkerrie en hoenderkerrie.

Daar was ook Masala viskerrie en 'n heerlike paella. Basmati rys, naan brode, samoosas, tamatiesalsa en 'n kerrie pynappelslaai het die bord verder afgerond. Natuurlik was daar na ete malva- en sjokoladenageregte met roomys en vla saam met koffie bedien. Die volgende byeenkoms sal in Augustusmaand wees.





# HOËRSKOOL HEILBRON HOU HULLE JAARLIKSE DONKIE-DERBY

Vrydagaand het die onderkomitee van Hoërskool Heilbron gesorg vir hope pret en vermaak by hulle jaarlikse fondsinsameling, die Donkie-Derby. Die komitee het uit hulle pad gegaan om die aand een vir die boeke te maak. Die Donkie-Derby is nie net 'n geleentheid om die skool te ondersteun nie, maar 'n samekoms van ouers en vriende wat dieselfde belang op die hart dra. Die Donkie-Derby het ook baie borge gehad en sonder hulle sou die aand nie sulke vet pret opgelewer het of groot sukses gewees het nie.




# KOM WIND OF WEER NIKS KON DIE ALTLETE KEER



*Saterdag se "fun run" wat deur die Skeerstoor aangebied was, was 'n prettige geleentheid waaraan oud en jonk kon deelneem en geen wenner of verloorder was nie. Die atlete kon hulle fiksheid toets met 'n 5km draf of stap. Deelnemers het dit vreeslik geniet en hoop om gou weer in so wedloop deel te neem.*

# HUPPEL TRIPPEL KLUB HOU VASVRA

17 Mei was nog 'n heerlike 'Huppel Trippel-dag" by Huis Bron-van-Heil. Die nuwe reeks oor die geskiedenis van die dorpies in ons omgewing het begin; en KOPPIES was aan die beurt. Elkeen wat teenwoordig was, het sommer baie geleer oor die ontstaan en geskiedenis van hierdie buurdorp van Heilbron.

Hierná was dit tyd vir die Vasvra. Kom ons kyk hoe jy sou vaar - sou jy daar gewees het. Waarna kyk die dokter as jy 'n EEG kry? Wat is die langste - 'n myl of 'n kilometer? Wat is die grootste knaagdier in Suid Afrika? Wat is die enigste soogdier wat kan vlieg? Wat is die naam van die oudste ultra maraton in die wêreld? Daar was nog heelwat vrae soos hierdie.

Die volgende dorp waaroor die groep meer gaan uitvind, is Petrus Steyn. Dorpenaars is welkom om saam te kuier.



# HEILBRON KORT 'N BUURTWAG SÊ AFRIFORUM

Misdaad in Heilbron neem toe en daarom hou die AfriForum-tak op 24 Mei om 18:00 by die Gholfklub 'n vergadering om die stigting van 'n AfriForum-buurtwag te bespreek. Lede van die gemeenskap, sowel as omliggende plase word genooi om hierdie vergadering by te woon.

"Ons besef dat die inwoners in Heilbron se fondse beperk is en dit plaas druk op plaaslike sekuriteitsfirmas. AfriForum se Heilbron-tak wil hulp verleen aan die betrokke firmas deur die moontlike stigting van 'n buurtwag," sê Gerrie Muller, AfriForum se takvoorsitter in Heilbron.

Die AfriForum-tak in Heilbron werk die afgelope twee weke met elke geleentheid wat hulle kry, aan die ingange na die Vegkopuitbreiding, wat feitlik onbegaanbaar is. Die slaggate is tentatief met gruis gevul om die pad rybaar te maak en sal binnekort met teer gevul word. Die span is ook besig om die stormwaterdreinering wat verstop en stukkend is, te herstel. Hierdie herstelwerk sal 'n reuseverskil maak, aangesien die water wat oorloop as gevolg van oneffektiewe stormwaterdreinering bydra tot die hoeveelheid slaggate in die area.

Die tak het ook vandeesweek 'n skrywe aan die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit gerig oor die haglike toestand waarin die vullisterrein verkeer. Die pad daarheen en verby is onbegaanbaar en maak dit vir mense wat aan die anderkant van die terrein woon, feitlik onmoontlik om hulle plase te bereik. Die vullis word in die pad af gestrooi omdat daar ook nie 'n pad in die vullisterrein oopgeskraap word nie. Die situasie vererger dus elke dag en die munisipaliteit is gemaan om onmiddellik daaraan aandag te gee.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, is sy baie trots op wat die tak die afgelope tyd in die dorp uitgerig het.

Die tak beplan om hul goeie werk in Junie voort te sit en aangesien dit Jeugmaand is, gaan die tak elke week by 'n skool in die groter Heilbron-area iets doen om 'n positiewe verskil te maak.



# WELTEVREDE LEEUPLAAS SPOG MET SES WIT WELPIES

Charlene van Wyk vertel dat hulle ses pragtige wit welpies het en dat die diere wat wel net 'n maand en 'n half oud is, reeds elkeen 'n persoonlikheid van hul eie het.

"Dis altyd lekker om nuwe babas op die plaas te hê, want alle babas is mos mooi en oulik nie waar nie?" Alhoewel wit welpies in die natuur baie skaars is, is dit nie die geval wanneer dit kom by leeus wat deur mense grootgemaak is nie. Die besonderse mooi viervoetige diere loop vrylik rond in die Weltevrede restaurant en die mense geniet hulle vreeslik. Elke kliënt wat daar eet het die voorreg om hulle te sien, mee te speel en bottel te gee. Weltevrede beskou die welpies as 'n voorreg en 'n fees.



# KENNISGEWINGS - KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE CORNELIA JOHANNA MITTERMEIER, Identiteitsnommer 280706 0006 083** in lewe 'n Rentenier woonagtig te Kerkstraat 4, Reitz, 9810, Ongetroud.
**DATUM VAN AFSTERWE: 27 APRIL 2021**
**BOEDELNOMMER: 006102/2021**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een-en-Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**REITZ, 9810**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **GREYLING**
First names: **DORETHEA MARIA**
Estate number: **003352/2022**
Identity/passport number: **580407 0114 087**
Date of death: **14/03/2022**
Last address: **75 Breë Street, Heilbron, 9650**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
In case of a marriage in community of property:
FIRST NAMES AND SURNAME OF SURVIVING SPOUSE: Not applicable
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@coven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2022/05/09**
**PUBLICATION DATE: 2022/05/20**

MERVYN JOEL SMITH ATTORNEYS

## NOTICE IN TERMS OF REGULATION 68 OF ACT 37 OF 1947

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Number T4718/2018** passed by **MTHUNZI GOODMAN MAKENG, Identity Number 720926 5949 081, unmarried and PULENG FRANCINAH MOFUOA, Identity Number 741209 0968 082,** unmarried, in respect of **HOLDING 113 VAAL POWER SMALL HOLDINGS, district Heilbron, Province Free state, in Extent 4,3987 9FOUR COMMA THREE NINE EIGHT SEVEN) Hectares, which has been lost or destroyed.**
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at Bloemfontein this 16 day of May 2022.
**APPLICANT: MERVYN JOEL SMITH ATTORNEYS**
**18 BRILL STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**Deeds1@mjsbloem.co.za**
**051 430 1572**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JACOBA PHEIFFER, Identiteitsnommer 310829 0032 083** in lewe 'n Rentenier woonagtig te Conventionstraat 15, Reitz, 9810.
**DATUM VAN AFSTERWE: 25 FEBRUARIE 2022**
**BOEDELNOMMER: 003685/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6**
**REITZ**
**9810**

## COVID-19 OORSIG

| Munisipale Area | Dorp | 11 Mei '22 | 18 Mei '22 |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 10 835 | 11 047 |
| | Deneysville | 854 | 857 |
| | Oranjeville | 247 | 247 |
| MOQHAKA | Kroonstad | 7668 | 7734 |
| | Viljoenskroon | 1145 | 1149 |
| | Steynsrus | 209 | 210 |
| NGWATHE | Parys | 3015 | 3094 |
| | Heilbron | 1502 | 1509 |
| | Koppies | 1366 | 1370 |
| | Edenville | 211 | 212 |
| | Vredefort | 402 | 404 |
| MAFUBE | Frankfort | 1874 | 1887 |
| | Villiers | 671 | 673 |
| | Cornelia | 169 | 173 |
| | Tweeling | 383 | 388 |
| TOTAAL | | 30 551 | 30 954 |


**Buy-a-Bale**
Make Your Own Cash!




**BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!**
Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769
Call SYDNEY now!
072 885 1999
sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za
WE DELIVER COUNTRY WIDE
OVERCOATS


# DIENSTE


### BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

**Andries Muller**
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
Muller Draaiwerke
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

### BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R


### BLOEDSKENK DATUMS - 2022

Give life, save life, Give blood
**26 Julie 2022**
**27 September 2022**
**29 November 2022**

# SMALLS

# EIENDOMME


### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR


### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**



### WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033


### BIBLIOTEEK OOP
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# BETREKKINGS - BETREKKINGS


Star Slaghuis
### VAKANTE BETREKKING
### ADMIN- EN KASSIERKLERK
**Star Slaghuis** het tans 'n vakante pos vir 'n Admin- en kassierklerk wat voor of op **1 Junie 2022** diens kan aanvaar.
E-Pos CV na:
starslaghuis@skysat.co.za
**TEL: 058 85 21140**

Star Slaghuis
### VAKANTE BETREKKING
### VERKOOPSDAME
**Star Slaghuis** het tans 'n vakante pos vir 'n Verkoopsdame wat voor of op **1 Junie 2022** diens kan aanvaar.
E-Pos CV na:
starslaghuis@skysat.co.za
**TEL: 058 85 21140**

### BETREKKING
SPAR
### BOEKHOUER
**Vereistes: Sage payroll ondervinding, deeglike boekhoukennis, deeglike begrip van rekonsiliasies, krediteure, debiteure en Microsoft Excel. Goeie menseverhoudings.**

**Slegs relevante CV's sal oorweeg word. Relevante kwalifikasies sal voorkeur geniet. Verskaf asb verwante verwysings.**

**Stuur CV's na Odette.sparheilbron@gmail.com**

**Sluitingsdatum 25 Mei 2022.**

HERALD Sport

# HEILBRON ROLBALSPELERS PRESTEER

Die afgelope Saterdag het 9 lede van die rolbalklub die pad aangedurf om aan Valsrivier ope enkels kompetisie by Kroonstad Rolbalklub te gaan deel neem.

Die eerste prestasie was om veilig deur al die slaggate op die Edenville pad te kom en Kroonstad veilig te bereik.

Op die bane het die spelers ook hul staal gewys en selfs lede wat nuwelinge in rolbal is, het hulself goed van hul taak gekwyt, alhoewel hulle nie deurgedring het na die Sondag uitspeel rondtes nie is daar kennis geneem van Willie Pretorius, Edward en Sonja Muller se belowende spel.

Na voltooiing van Saterdag se spel spog Heilbron met 6 spelers uit 39 wat deurgaan na Sondag se uitspeelwedstryde.

Soos verwag het die groot kanonne mekaar Sondag aangevat en dit was rolbal van hoogstaande gehalte. Na die dag se spel kon Heilbron se spelers tevrede huis toe kom met Tracy Jacobs as dameswenner en Hannalie Claassen naaswenner, terwyl Henriehett de Waal vierde plek behaal.

Maar nou ja, die manne wou nie afsteek by die dames nie en Rudi Jacobs tree as manswenner uit die stryd met TL de Waal in die derde plek.

Hierdie vyf spelers sal gedurende Juniemaand aan NVS uitspeelwedstryde in Welkom gaan deelneem waar daar kragte gemeet gaan word teen die spelers van Goudveld en Riemland.

Plaaslik by die klub is dinge ook aan die brand en word daar 'n lekker "fundag" aangebied op 16 Junie, afgesien van die spanne wat teen mekaar gaan deelneem word daar ook beplan om 'n potjiekoskompetisie te hou waar sjefs met hul lekkerste resepte kan kom spog.

Verdere detail rakende hierdie kompetisie sal op later stadium deurgegee word.



*Derrick de Gouveia, Rudi Jacobs, TL de Waal.*



*Tracy Jacobs.*


**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON*
*Tel: 058 853 0006*


















**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

## Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 23 MEI 2022**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout
082 827 7443

**DINSDAG - 24 MEI 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

ROODEDRAAI Kwartaallikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 25 MEI 2022**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

PARYS Maandelikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

PARYS: SENTRAAL STREEK BRANGUS
9DE OPMARS NA DIE NOORDE
40 Bulle en 100 vroulike diere
11:00, Afri-Dome
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

ORANJEVILLE: STELENA SAVM
242 Skape
11:00, Nooitgedacht
Kontak JD Steyn 072 877 6984

**VRYDAG - 27 MEI 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 28 MEI 2022**

PRETORIA: COMPASS GENETICS
Boer goat auction
11:00, Fire and Wine venue
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**